

13 November

Skrifgedeelte: Openbaring 2:8-11

Fokusgedeelte: Openbaring 2:9

Uiterlik arm, maar geestelik skatryk!

Miskien is jy baie arm aan wêreldse middele. Elkeen van ons wat dit al belewe het, weet wat dit is om arm te wees.

So was dit met hierdie gemeente, Smirna, gesteld. Van die lidmate het hulle werk verloor, omdat hulle in Christus geglo het. Hulle armoede het beteken dat hulle baie keer honger was en hulle is ook in die gevangenis gegooi. Dikwels is hulle ter wille van hulle geloof veroordeel om verskeur te word deur wilde diere of om op die brandstapel doodgebrand te word.

Maar nog 'n beproewing was dat die Christene prooi was van die lastering van Jode. Hierdie Jode het Christus verwerp en nie in Hom geglo nie. Christus veroordeel hierdie Jode baie skerp. Hy sê hulle behoort tot die Sinagoge van Satan.

Nieteenstaande die wrede vervolging, verdrukking en lastering het hierdie gemeente aan die Here getrou gebly. Hulle was ryk in geestelike besittings. Hulle het skatte besit in die hemel waar mot en roes nie verniel en waar diewe nie inbreek of steel nie.

Dikwels word ons as Christene beproef, uitgelag en verneder wanneer ons ons geloof wil bely en uitleef. Daarom is die vraag: Hoe bly 'n mens staande in die goddelose wêreld? Die antwoord is: Werk aan jou geloof. Bestudeer die Bybel en bid gereeld. Doen wat die Here vir jou sê. Maak vir jou skatte bymekaar in die hemel waar mot en roes nie verniel en waar diewe nie inbreek en steel nie!

Dit is hierdie hemelse skatte wat jou geestelik sterk maak en help om staande te bly te midde van alles wat gebeur.

Sing: Psalm 107:4 (1936-beryming)

Ds Peet J van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)